

KOERSVAS


Jaargang 3 Uitgawe 52 21 November 2014

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Proselietmaking

Proseliet: Persoon wat deur 'n ander tot sy geloof of party oorgehaal is; nieubekeerde.
- HAT

Proselietmaker: Persoon met opdringerige, oordrewe bekeringswyer. - HAT

Hierdie redaksioneel neem die vorm van 'n ope brief aan. 'n Ope brief gerig tot mense soos ds Brayshaw van Heilbron, dr Daan van Wyk (nou) van Zoutpansberg, ds HSK Nel van Potgietersrus en ander yweraars in die stryd teen die "wrede" steeds-Hervormers.

Dit het onder ons aandag gekom dat ds Brayshaw by herhaling lidmate van die onafhanklike gemeente besoek en probeer oortuig om terug te keer na die NHKA. Sy rasionaal is, na wat verneem word, dat hulle steeds "op die NHKA se boeke is" en daarom besoek hy hulle, tuis en by die werk. Sy lastigval het nou al die punt bereik dat lidmate in desperaatheid met attestaat wil oorgaan na 'n ander kerk. Dieselfde geld die besoeke en vervolging wat lidmate in Roedtan te beurt val. Dominee, daar is mense wat nie van jou hou nie, ons almal moet dit een of ander tyd leer. Om mense wat om beginselredes

'n keuse uitgeoefen het, te pla, gaan hulle net versterk in hulle oortuiging.

Net so het dit tot ons ore gekom dat dr Daan van Wyk en ds Sonia van Wyk Bondslidmate besoek in 'n poging om hulle terug te "wen" vir die NHKA! Die optrede van die goeie, beginselvaste doktor laat weer die wenkbroue lig. Hy het in goeie geselskap voor meerdere getuies plegtig belowe dat sy verhuising na die Noorde gekenmerk sal word deur optrede wat hierdie keer versoening en vrede bevorder. Hy het sy gewigtige woord gegee dat hy nie lidmate gaan werf of probeer oortuig om terug te gaan na die Instituut toe nie. Aan die ander kant - hy het Maquassi-lidmate per vergadering en soos genotuleer, belowe hy sal hulle persoonlik om verskoning vra vir sy optrede..... en toe verhuis hy, dié belofte ook vergete.

Om nou nie in 'n sondelys te verval nie, kom ons volstaan daarmee om te stel dat daar ook ander predikante is wat hulself aan dieselfde optrede skuldig maak. Waarom soveel aandag geskenk word aan die ongeveer 5000 Bondslidmate terwyl daar 15000 lidmate sonder spoor verdwyn het uit die NHKA, is **bokant menslike begrip**. Dadelik kom die emosionele stem en roep; 'en wat van julle?' Daarop kan ons

maar net antwoord dat Bondspredikante **slegs op uitnodiging** advies gee en slegs op uitnodiging gemeentes besoek wat meer inligting verlang. Geen huisbesoek of agteraf proselietmakery vind in Bondsnaam plaas nie. En nee, anders as in die geval van skynbare Kommissie optrede, word Bondspredikante nie gestuur om kerkrade en gemeentes te beïnvloed of stil te maak nie.

Dominees, neem asseblief van die volgende kennis; u optredes is nie in lyn met u eie kommissie se besluite nie, u ondergrawe u eie kerk se hofgeding en u optrede gaan in die toekoms as uitnodiging gesien word.

U optredes is nie in lyn met u eie Kommissie se besluite nie: Die 69e Kommissie het besluit dat lidmate wat oorgaan na onafhanklike gemeentes daarmee hulle lidmaatskap van die NHKA beëindig. **Volgens hulle besluit** kan onafhanklike lidmate nie meer op die boeke van die NHKA wees nie en kan daar nie eens attestate of bewys van lidmaatskap aangestuur word nie. Hulle beweer dat ons optrede daarop neerkom dat ons uit die NHKA bedank het. U optrede veronderstel nou dat die lidmate steeds NHKA-lidmate is. In die tweede instansie het die 70e kommissie besluit dat lidmate wat “terug wil kom”, verwelkom moet word, maar daar is geen besluit ten opsigte van aktiewe werwing van lidmate nie. U stel uself bloot aan vervolging van kommissieweë af deur *Status Confessionis* lidmate te werf.

U ondergrawe u eie kerk se hofgeding: Een van die kerndispute in die hofgeding gaan juis oor lidmaatskap. Volgens die NHKA se regsargumente verbeur persone hul lidmaatskap indien hulle sekere besluite neem wat **volgens Kommissie oordeel**

teen die NHKA kerkorde indruis. Hulle steun op die lidmaatskap argument in hulle poging om Bondseiendom terug te gryp. Deur u optrede maak u van elke persoon wat u besoek ‘n “steeds NHKA lidmaat” en gee u verdere geldigheid aan besluite rakende eiendom. Die klandestiene manier waarop die Litigasiekomitee die saak hanteer, maak dat u waarskynlik nie weet wat in die hofgeding aangaan nie, u is egter altyd welkom om via Koersvas uit te vind van die nuutste stand in die saak. Nogtans, u proselietery bevorder ons saak. U optrede is egter direk strydig met die ooreenkoms wat **in opdrag van die regter** in plek is. Dankie, ons sien uit daarna om u kundige getuienis in die hof aan te hoor. In die besonder ‘n woord van dank aan die voorsitter van die 69e kommissie. U was deel van die besluit dat sekere besluite wat mense geneem het, daarop neerkom dat hulle hul lidmaatskap verbeur. U optrede (teen u belofte en eie besluite in) bevorder ons saak in die hof.

U optrede word as uitnodiging gesien: Tot op datum het ons onself daarvan weerhou om op eie inisiatief besoek af te lê by lidmate wat aangedui het dat hulle wil deel bly van die NHKA sonder om by Bondsgemeentes in te skakel. Ons het dit uit ordentlikheid gedoen; die ooreenkoms tussen die twee regspanne sluit dit immers in. U pogings om mense tot **u party** oor te haal, maak die deur vir ander oop om dieselfde te doen. Ons sien uit daarna om lidmate in te lig.

NUUSBROKKIES

Kuratorium

- Die Kuratorium het vergader op 20 November 2014. Daar is uitvoerig gehandel oor die gemeentes wat

aansoek doen en wil doen om aan te sluit by die GHG. Konsensus is dat die gemeentes in 'n proses van eerlike en openhartige kommunikasie stadig sal kan inskakel by die Bond. Dit sluit in 'n eerste bywoon van die Bondsvergadering as waarnemers sodat alle partye gelukkig is met die inskakeling. Enige gemeente is welkom om aansoek te doen.

- Die gesprek oor predikante wat aansoek gedoen het om akkreditasie het daartoe gelei dat dit duidelik geword het dat die basiese vereistes duidelik aangedui moet word. Predikante wat aansoek doen om **akkreditasie** moet aan die **akademiese** vereistes van 'n predikant voldoen, moet **inskakel** by 'n Bondsgemeente en moet instemming betoon met die **kernwaardes** van die GHG.
- Twee studente is na gesprek aanvaar as Bond-erkende teologie studente. Hulle is Anke Eckart en Cor Rademeyer. Baie sterkte met die studies.
- Gemeentes word herinner daaraan dat daar 'n werksooreenkoms moet wees tussen gemeente en predikant. Die Kuratorium gaan 'n modelkontrak aan gemeentes stuur. In gevalle van moontlike dispute sal die modelkontrak as basis dien daar waar die gemeente nie 'n eie kontrak in plek het nie. Vakante gemeentes moet seker maak dat predikante wat oorweeg word, eers deur die akkreditasieproses van die Kuratorium gegaan het.
- Die regspanne van die Bond en die NHKA het op 13 November 2014 vergader. Konsensus is bereik dat die dispute soos verwoord deur advokaat du Plessis SC die geskilpunte in die hofsak sal wees. Indien die NHKA daarop aandrang dat die saak voortgaan sal die proses van blootlegging waarskynlik vroeg in 2015 'n aanvang neem. Intussen word daar weer gepleit

by die NHKA se leiers om te skik en die geskil uit die hof te hou. Vrede is baie meer opbouend as stryd. Die GHG hou voet by stuk dat ons mediasie sal verwelkom.

- Dit is met leedwese dat ons verneem het dat ds Wynand Rademeyer se moeder hierdie week oorlede is. Ons innige meegevoel aan almal wat geraak is deur die verlies. Haar begrafnis vind vandag in Pretoria plaas. Ds Ronel Eckart sal die diens waarneem.

KENNISGEWINGS

- Maak seker u het u Lewensbrood III bestel en betaal. Skakel gerus met Annetjie Joubert by Premiemyn gemeente indien u laat geslaap het. Ons het ekstra eksemplare bestel. Reël self vir aflewering.
- Premiemyn se 4e jaarlikse Kersliedjies by Kerslig vind DV plaas op 28 November 2014 op die kerkterrein onder die groot Vy. Almal is baie welkom. Die Dorkas gaan Voetlangworsbroodjies verkoop. Plaas u bestellings by Annetjie 082 921 8200

Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

BANKBESONDERHEDE:

Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Takkode: 250 655

Belangrike skakels om te gebruik:**Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

Webblad (Audio-preke van Bondspredikante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

SteedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Plaas gerus foto's en inligting van u funksies op die Geloofsbond se webblad.

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na
j.otto@telkomsa.net vir opname in die volgende Koersvas.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by 018 381 1494.